NOVEMBER 2017

ink

Die Afrikaanse TAALSKRIF



Jaco Jacobs

Met 'n lisensie vir pret

kreatief saamgestel deur die

jou plaasvakansie begin hier!

fak
tuiste. trots. toekoms.

DIE FAK UDOLPHO JEUGPLAAS STREK OOR 265 HEKTAAR OP DIE OEWERS VAN DIE VAALRIVIER NET BUITE PARYS. DIE ONTSPANNE PLAASATMOSFEER IS PERFEK VIR 'N VINNIGE WEGBREEK UIT DIE STAD, MET HEERLIKE VERMAAK VIR OUD EN JONK, VIR GROOT EN KLEIN GROEPE.





As jy moeg raak vir die lewe in die stad, kies dan die wandelpad... of geniet bloot die heerlike swembad, trampolien, minigolf- en volleybalbane, of al die pret wat die Vaalrivier bied, van visvang tot binnebandry. Of jy dus net wil wegraak in jou leesboek of die adrenalien wil laat klop... Udolpho is vir jou!

Udolpho bied die volgende fasiliteite:

- 14 ten volle toegeruste, selfsorgeenhede wat tussen 2 tot 11 persone kan akkommodeer;
- Slaapsale, konferensiesaal en volledig toegeruste kombuis met 'n eetsaal vir groepe;
- Kampplek vir tente en karavane.

DEUR JOU ONDERSTEUNING MAAK JY DIT VIR DIE FAK MOONTLIK OM JEUGONTWIKKELINGS-PROGRAMME OP UDOLPHO JEUGPLAAS TE BEFONDS. JOU VAKANSIE – 'N BELEGGING IN ONS TOEKOMS!

Udolpho JEUGPLAAS

Kontak Trudie Stevens
Tel 056 818 1197
Sel 082 551 7262
E-pos udolpho@fak.org.za
Web www.udolphojeugplaas.co.za
GPS koördinate S26' 53.079 O27'30.003

FAK-vriende kan tot 40% afslag ontvang!




UITGAWE 4 **NOVEMBER 2017**

ink
Die Afrikaanse **TAALSKRIF**

op ons voorblad

Jaco Jacobs:
Die man met 'n verstommende verbeeldingswêreld in Afrikaans

Redakteursbrief

Novembermaand is vir kinders en studente 'n moeilike tyd, want dit is eksamentyd. Dit is egter ook 'n lekker uitsientyd na die vakansie wat voorlê as al die eksamenvraestelle afgehandel is. Vakansietyd is gesinstyd – soms die enigste kans in die jaar waar gesinne kwaliteit tyd saam met mekaar kan spandeer. Maak hierdie vakansie gebruik van die geleentheid en leef voluit saam met jou gesin!

Die FAK het weer eens 'n baie besige maand gehad. Ons was die trotse kultuurvennoot van die regstreekse Sing in Harmonie op kykNET NOU!; en ons het toekennings uitgedeel by die Afri-Duetfees en die jaarlikse Prestige-aand waar ons kultuurleiers vereer vir die werk wat hulle doen.

Op ons voorblad is die bekende jeug- en kinderboekskrywer, Jaco Jacobs. Hy het van kleins af van stories gehou toe hy sy al veel ouer neefs en niggies met stories vermaak het en wou nog altyd 'n skrywer geword het.

Tot volgende maand!

Chrisna Nel

inhoud

3 Redakteursbrief
4 So klink ons!
5 Spiekeries
6 Taalvyltjie
7 Jaco Jacobs
10 Vakansietyd is gesinstyd
12 123 Blok myself
13 Hartsklanke van die vakansie
14 Churchill en Smuts
15 My man se skelmpie se skelmpie se vrou
Die nag van legio
16 Chris Lamprecht
17 Wolwe-dans
1925 band
18 FAK Prestige-aand
19 Sing in Harmonie
Afri-Duetfees
20 Leierskapkonferensie
FAK-Hoofleier-simposium
21 Daar kom die Alibama
Tannie Poppie se kombuis
22 CJ Langenhoven
23 Jukskeiwedstryd
Kultuurkalender

tuiste. trots. toekoms.

Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za

ink 'n e-pos

Inhoud chrisna@fak.org.za
Advertensies johan@fak.org.za

So klink ons!

Maandeliks word ons brieweboks oorlaai met lesers van ink, of te wel inkers! Dit is altyd lekker om van inkers te hoor en in hul opgewondenheid te deel. Stuur vir ons wat jy dink na **chrisna@fak.org.za**

So paar briewe na aanleiding van ons eerste uitgawes:

Hartlik geluk met ink! Ek het dit sopas in my posbus ontvang en dit geniet om daardeur te blaai. Dis nou sowaar 'n goeie, sinvolle projek en seker baie lekker om die eerste een uit te stuur.

Petronel Fourie,
vryskutskrywer

Geluk met INK,
Chrisna –
groot werk wat jy doen!

Dioné Prinsloo,
SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Ek het toevallig gisteraand ink-tydskrifte gelees. Dit is regtig baie, baie goed. FAK (en jy) kan trots wees op die tydskrif. Ek koop te veel tydskrifte. Hou daarvan om dit te lees. Die inhoud en aller van die ink-tydskrif is baie goed in vergelyking met ander tydskrifte. Ek hou ook daarvan dat daar min advertensies in is.

Karin Steffberg,
Die Voortrekkers

Beste Chrisna en Johan,
Baie geluk met jul eerste uitgawe van Ink. Dit is interessant en mutig en pragtig aangebied. Baie sterkte met die pad vorentoe. Mag jul bekers oorloop met goeie wense, groot ondersteuning en heerlike kreatiwiteit. Geniet elke oomblik en hou ons asb. op hoogte.

Ingrid Erlank,
Redakteur van afrikaans.com

Ek is gaande oor Hykie Berg op die voorblad van ink. Sy storie is 'n inspirasie van hoop en dit voel kompleet of ek hom nou persoonlik ken!

Groete,
Naomie Venter

Baie hartlik geluk met die eerste uitgawe van Ink. Mag jy met die maak van elke uitgawe insig ontvang. Sterkte op jou pad vorentoe.

Helena Liebenberg,
Taaloord

Word 'n FAK-VRIEND Klik hier

Dit gaan spiekeries met Spiekeries



"Siddie, Siddie, Siddie!"

Wie onthou nog die eerste toets tussen die Springbokke en die All Blacks op 25 Julie 1970 op Loftus Versfeld?

Dit was vyf jaar na die Springbokke se rampspoedige toer deur Nieu-Seeland, en ook die eerste reeks na die toer deur Brittanje wat deur betogers ontsier is en eweneens 'n ramp was.

Die Springbokke was vasberade om hierdie reeks met 'n oorwinning af te skop, en 'n held was nodig om daardie oorwinning te verseker. Suid-Afrika moes nog ses jaar lank wag vir televisie, en die legendariese sportkommentator Gerhard Viviers het die wedstryd aan die luisteraars van die Afrikaanse radiodiens van die SAUK beskryf: Die All Blacks het 'n strafskop in hul eie gebied gekry en op die ou end het die All Black-kaptein, Brian Lochore die bal gekry. Toe onderskep die Springbokke se regtervleuel Syd Nomis, wat sedert 1965 al deel van die span was, die bal en nael doellyn toe. Gerhard was op sy stukke, en die mees onthoubare stukkie sportkommentaar in ons land se geskiedenis het gevolg. Dit was dalk Leon Schuster wat later jare gesê het Gerhard kon bly wees dat die Springbokke se haker in daardie wedstryd, Piston van Wyk, nie die drie gaan druk het nie. Op die ou end het die Springbokke met 17-6 gewen, maar meer mense sal Gerhard se kommentaar as die uitslag onthou.

Gerhard se bynaam was Spiekeries, omdat dit altyd sy antwoord was wanneer iemand hom gevra het hoe dit met hom gegaan het. Twee sangers het ook doodseker gemaak dat sy bynaam nie vergeet sou word nie. Leon Schuster het Gerhard goed geken, en in sy liedjie "Gerrie Seer Handjies Coetzee", op die wysie van Anton Goosen se treffer "Kruidjie-roer-my-nie", het Leon gesing van 'n boksgeveg in Mmabatho in die destydse Bophuthatswana, waarin Gerhard glo vir Leon Spinks met Jon Tate verwar het. Later het Bok van Blerk, wat in 1970 toe Gerhard met daardie stukkie legendariese kommentaar vorendag gekom het, nog nie eens 'n gedagte was nie, ook aan hom hulde gebring. Bok het die liedjie "Spiekeries" opgeneem, na aanleiding van wat sy oupa hom daarvan vertel het. Toe Leon Schuster 'n omroeper by die SAUK was, het hy die program *Die vrypostige mikrofoon* aangebied; hy het mense gebel en met hulle gek geskeer. Gerhard het ook deurgeloop. Leon het hom voorgedoen as 'n polisieman wat navraag gedoen het oor Gerhard se vuurwapenlisensie. Hy het Gerhard daarvan beskuldig dat hy "op die rug van sy bekendheid gery het", en dit het Gerhard absoluut woedend gemaak. Uiteindelik het Leon vir hom gesê dat dit inderdaad hy was.

Gerhard het egter nie net as rugbykommentator bekendheid verwerf nie. Die legendariese bokser Pierre Fourie, seker die beste Suid-Afrikaanse bokser wat nooit 'n wêreldtitel gewen het nie, het aan 'n geveg teen Bob Foster deelgeneem. Weer eens was daar nog nie televisie nie en die luisteraars was op Gerhard se kommentaar aangewese. Gerhard was vurig patrioties, en het die luisteraars vertel dat Pierre Fourie besig was om die geveg te wen, terwyl die teendeel die waarheid was.

Gerhard se volgende stukkie legendariese rugbykommentaar het ook in 'n wedstryd teen 'n Nieu-Seelandse span gekom, maar dit was die Nieu-Seelandse Kavaliers, wat eintlik maar net die All Blacks onder 'n ander naam was. Die nasionale rekordhouer in 400 meter-atletiek, Jaco Reinach was die Springbok-regtervleuel in daardie reeks. Die laaste wedstryd in daardie reeks is op Ellispark gespeel. Die skeidsregter het voordeel toegelaat nadat een van die Kavaliers die bal aangeslaan het; toe kry Reinach die bal. Toe begin Gerhard lostrek: "Hier is spoed, hier is spoed, hier is spoed," totdat Reinach gaan druk het. Dit was die laaste drie van daardie reeks.

Gerhard was ook 'n stemkunstenaar. Hy was bekend daarvoor dat hy Lexington-sigarette gerook het, en sy stem is vir dié advertensies gebruik in die dae toe dit nog wettig was. Sy praatstem is gebruik vir Martin Pols se karakter in die rolprent *Hoor my lied*. Gerhard se bekendste rol as akteur was seker dié van Tom Mc Donald, Philip Moolman se karakter se pa in Jan Scholtz se televisiereeks *Die sonkring*.

Gerhard is op 15 Desember 1998 in die ouderdom van 72 jaar aan kanker oorlede. Hy was die tipe sportkommentator wat net een keer in 'n land se geskiedenis na vore kom en Afrikaanssprekende sportliefhebbers sal nooit weer na iemand wat naby hom kom, kan luister nie. Engeland en Skotland het vir Murray Walker en Bill Mc Laren gehad; Suid-Afrika het vir Gerhard "Spiekeries" Viviers gehad.

Daantjie Dinamiet

Vakansie en geskenke

Die Kersvakansietyd is om die draai. Dis 'n tyd waarin baie mense die voorreg het om 'n bietjie uit te span. Maar waar kom ons woord **Kersvakansie** vandaan?

Wanneer die woorddeel *Kers-* op Kersfees betrekking het, skryf ons dit in Afrikaans tradisioneel met 'n aanvangshoofletter en die rede daarvoor gaan ver terug in ons taalgeskiedenis. In Middelnederlands – dit wil sê die Nederlands wat tussen ongeveer 1200 en 1500 gepraat is en dus een van die oupagrootjies van Afrikaans is – was *Kerst* 'n wisselvorm van die persoonseienaam *Christus*. Dit het dus niks te doen met kerse nie!

Volgens die *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands* (M. Philippa [red.] Amsterdam: AUP, 2004–2009) het dié naam in Middelnederlands ontstaan as *ihesus kerst* vir "Jesus Christus". In dié ou Nederlands was daar ook ander vorme van die naam *Christus, soos Christ, Krist* en *Crist*. Die verspringing van die r van vóór die vokaalletter (-ri- soos in *Christus*) tot daarná (-er- soos in *Kerst*) was, volgens dié woordeboek, 'n heel algemene verskynsel in Oudnederlands en party van die omliggende Middeleeuse dialekte.

As ons dus samestellings maak soos *Kersdag, Kersfees, Kersmis, Kersboom, Kersvakansie* en *Kerskaartjie*, dan sê ons eintlik – histories gesproke – daarmee *Christusdag, Christusfees,* ens.

Die woord *vakansie* het ons wel via Nederlands geërf, maar dit kom eintlik uit die Romaanse kant van ons taalfamilie. In Latyn gaan dit heel ver terug na *vaco* 'om leeg, vakant, sonder inhoud te wees'. Dié stam het deur die eeue verskeie vorme met verskillende betekenisse gehad.
Dit het byvoorbeeld deur Frans *vacance*, wat aanvanklik voorgekom in die betekenis 'die nieaanwesig wees' gemigreer na Middelnederlands, waarin vacantie volgens bogenoem-de woordeboek eers beteken het 'tydperk sonder regsitting'; later (om-streeks die tyd van Van Riebeeck) het dit die betekenis 'tydperk waarin nie gewerk word nie' gekry.

By baie mense is dit die gebruik om in die Kerstyd vir mekaar geskenke te gee. Watter beter geskenk kan 'n mens vir enigiemand wat met Afrikaans te doen het, gee as 'n goeie Afrikaanse naslaanbron?
In vandag se tyd hoef dit nie eens 'n papierboek te wees nie, want alles is ook aanlyn beskikbaar en 'n uitstekende geskenk – miskien veral vir die skoolkinders en die jonger geslag – is om 'n jaar se intekening op so 'n bron as geskenk te gee. Gaan snuffel 'n bietjie rond oor bronne soos die volgende:

Die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het pas 'n pragtige nuwe *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (die 11de uitgawe, wat ook die eeufeesuitgawe is) bekendgestel; dit word deur Pharos uitgegee. Dit bevat nie net die reëls vir die spelling en skryfwyse van Afrikaans nie, maar ook 'n sterk uitgebreide woordelys waarin 'n mense woorde van oud tot splinter-nuut kan naslaan en reëls oor die gebruik van leestekens. Daar is ook 'n hand vol nuttige bylaes, byvoor-beeld 'n lys buitelandse geografiese name met hulle afleidings; 'n lys met landname (Afrikaans en Engels) en die lande se geldeenhede; die periodieke tabel met die Afrikaanse en Engelse elementname; 'n besonder nuttige lys met allerlei plekname uit die Verre Ooste (China, Japan en Indië); riglyne oor die gebruik van die SI-stelsel; en riglyne oor die spelling en skryfwyses van Omgangsafrikaans.

Die beste van alles is dat dié boek ook aanlyn beskikbaar is, wat die wonderlikste elektroniese soektogte moontlik maak. Gaan kyk dus by **www.pharosaanlyn.co.za** en kyk na die pakkette wat daar aangebied word, o.m. die bekende *Afrikaans-Engels-Engels-Afrikaanse Woordeboek* en talle vakwoordeboeke.

Of wat van die 6de uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (die bekende HAT)? Geen Afrikaanse huis, veral nie een waarin daar skoolgaande kinders is, behoort immers sonder 'n behoorlike woordeboek te wees nie. Gaan loer gerus by **https://longman-hat.co.za**, want ook die HAT is aanlyn beskikbaar.

Die kroonjuweel van Afrikaanse woordeboeke is die omvattende *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, ofte wel die *WAT*. Dit is 'n wonderlike woordeboek wat verreweg die omvangrykste is; trouens, hoewel daar reeds 14 bande daarvan verskyn het, is die letter S nog nie eens voltooi nie. Maar wat 'n skatkis van al wat 'n Afrikaanse woord en uitdrukking is! Dit is inderdaad 'n kultuurerfenis van die boonste rakke. Dié woordeboek en die Buro van die WAT se etimologiewoordeboek (die Etimologiewoordeboek van Afrikaans [*EWA*]) is ook op CD-ROM en aanlyn beskikbaar by **www.wat.co.za**. Of borg vir die geskenkontvanger sy of haar gunstelingwoord of twee, want enige ondersteuning van die Buro van die WAT dra ook by tot die behoud van Afrikaans.

Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (**www.viva-afrikaans.org**) bied eweneens verskeie moontlikhede, van woorde naslaan en taaladvies vra tot allerlei vorme van taalpret.

Of koop net 'n goeie Afrikaanse boek!

JD (Tom) McLachlan
tommcl@whalemail.co.za

Jaco Jacobs

'n Weergalose verbeeldingswêreld

deur Cyril Blackburn

Foto's: Eyepoetry Photography

Hy was maar 'n rakkertjie van net 'n paar jaar oud toe dié verstommende verbeeldingswêreld – 'n denkbeeldige storiewêreld wat hom een van die mees suksesvolle jeugliteratuurskrywers in Suid-Afrika gemaak het – posgevat het, vertel 'n opgewekte Jaco Jacobs.

Vir 'n kort tydperk tydens sy grootwordjare het die Jacobs-gesin op 'n plaas in Carnarvon in die Karoo gewoon. Reg in die middel van die gesin se erf het 'n ou telefoonpaal gestaan – en wanneer die wind in die Karoo opgesteek het, het dié telefoondrade met mening vibreer en dán sou die skrywer as't ware asem in sy denkbeeldige karakters se lewe blaas wanneer hy met hulle in gesprek getree het oor alles én meer.

Hy gesels oor die telefoon vanuit sy Bloemfonteinse huis. Selfs oor die telefoon steek sy Noord-Kaapse aksent plek-plek kop uit. "Ja," lag hy, "ek dink gereeld die aksent moet darem nou finaal gegroet het, maar dan hoor jy jouself weer oor die televisie of radio praat en dan besef ek hy kruip maar steeds hier êrens binne my weg."

Só is dit ook met sy skryfwerk, stel ek voor – dit is iets wat só in sy lewe ingemessel is, dat hy daarsonder minder sin van die lewe sou kon maak.

Jacobs se eerste boek, *Troetelgedrog*, het in 2001 die lig gesin. Sedertdien het hy meer as 100 boeke geskryf en dié literatuur het hom meer as 30 toekennings laat inryg.

Hy lag skaam en sê dan nederig dankie. “Ek hou sommer net sirkus in my kop – dikwels voel dit nie eers soos werk nie,” sê hy.

> “Ek is nog elke dag ontsettend dankbaar om 'n loopbaan te kan hê en om te kan doen waarvoor ek regtig lief is; min mense het die voorreg om dit te kan sê.”

Humor is vir hom 'n gewigtige saak. Wanneer hy agter sy lessenaar inskuif om te begin skryf, is lag dikwels 'n maatstaaf. Die skrywer sê dit gebeur gereeld dat hy skoon hardop begin lag wanneer hy sy karakters se woorde neerpen. Dan wonder sy vrou, Elize, en sy dogtertjies, Mia en Emma, dikwels wat in die binnekant van dié studeerkamer aangaan, maar hulle moet in die meeste gevalle nes sy aanhangers ook maar wag tot die boek voltooi is.

“Wanneer ek skryf, skryf ek dit uit my uit. Meeste van dié karakters moet dikwels maar liefs in mens se gedagtes bly,” terg hy. “Toe ek nog baie jonk was, het ek veral aanklank gevind by die stories wat met humor aangepak word. Selfs moeiliker temas was vir my beter vertel wanneer daar 'n humoristiese ondertoon is. Dis hoekom ek altyd grap en sê die pad na 'n leser se hart loop deur sy humorsin. Ek wil jongmense laat glimlag wanneer hulle lees – dit behoort nie 'n straf te wees nie.”

Die jong Emma en Mia was al meer as een keer die kreatiewe inspirasie vir 'n boek. Hulle herinner hom dikwels om die wêreld deur die oë van 'n kind te beleef: ontvanklik vir die groot waarhede wat die “grootmense” dikwels ontglip en ywerig om die lewe te geniet eerder as om maar net bloot te leef.

Moenie die knoppie druk nie is juis geskryf vanuit sy oudste dogtertjie se verwondering met 'n afstandbeheer en Grom vertel die verhaal van sy jongste dogtertjie wat haar jolige én minder jolige oggendpersoonlikheid met trots vertoon.

Dié boeke word ook aan hulle voorgelees, maar hy is nié jaloers wanneer hulle die werke van ander skrywers lees nie, terg hy.

“Lees is vir my 'n baie gewigte saak. Selfs voor hulle gebore is, het ek al vir hulle rympies en stories voorgelees. Buiten vir die feit dat lees kinders help om akademies te presteer, het dit só groot invloed op 'n kind se uitkyk van die lewe en die manier waarop hy of sy die wêreld verstaan. Lees verbreed werklik horisonne en help kinders om vrae te vra, selfs al is dit ook fiksie.

“Ek is baie geseënd dat my jongspan baie lief is vir lees. Anderdag loop ons in die winkelsentrum en die enigste ding wat die klein Mia wou hê, was om in die boekwinkel te gaan draai. Dít is darem nou een van die oomblikke wat jy as ouer baie ingenome is met jouself,” vertel hy grappenderwys.

Buiten gesogte toekennings soos die kykNET/Rapport-boekprys, die Alba Bouwerprys en talle ATKV-kinderboektoekennings, word twee van die skrywer se boeke, *Oor 'n motorfiets, 'n zombiefliek en lang getalle wat deur elf gedeel kan word* en *'n Goeie dag vir boomklim*, ook deur die Britse uitgewery One World in Engels vertaal.

Dít is 'n wonderlike eer, vertel hy, maar oor Afrikaans is hy ferm: hy het dit nog “nie één oomblik oorweeg” om in Engels te skryf nie.

“Ek wou nog altyd net vermaak deur my skryfwerk. Elke toekenning is wonderlik en ek geringskat nie die waarde daarvan nie, maar dit is hoegenaamd nie iets wat my dryf nie. Ek word eerder gedryf deur die reaksies van kinders wanneer hulle die boeke lees en die gesprekke wat dit ontlok. My uitgewer het anderdag vir my die eerste voorbeeld van my jongste boek, *Daar's nie 'n krokodil in hierdie boek nie*, gestuur. Ek en Mia het dit saam gelees, en haar reaksie was ontsettend oulik. Sy sou keer op keer sê: 'Hierdie boek jok! Daar ís dan 'n krokodil!' Dis waarvoor ek hoop wanneer ek skryf.

“Vreemd genoeg voel dit vir my nog altyd of ek dit juis nét in Afrikaans kan regkry. Afrikaans rol so lekker van jou tong af, dit praat én verstaan so maklik. Toe ek nou die vertaling van twee van my boeke lees, was dit heel anders om die boek te lees. Dis byna soos 'n verskillende weergawe.”

Jacobs, 'n kranige drawwer wat vanjaar al drie halfmarathons voltooi het, sê 'n roman vir volwassenes uit sy pen is nié onmoontlik in die toekoms nie. In dié stadium het hy egter nog “gans te veel pret” met die skryf van kinderboeke – iets wat volgens hom 'n “lisensie vir pret” is.

“Ek sing in dié stadium nog soos ek gebek is,” lag hy. “Ek het ontsettend baie respek vir die jeugliteratuurgenre. In die verlede het ek al met 'n idee of twee vorendag gekom om 'n volwasse roman te takel, maar dan word ek keer op keer net weer ingetrek deur die wêreld van kinders en die manier wat hulle dinge beleef en ervaar. Daar is soveel wat ons kan leer uit hul insigte en uitkyke, soms dink ek hulle weet baie meer as ons. Dit is as't ware 'n lisensie vir pret – een wat ek nog vir baie jare wil gebruik.”

vakansietyd is gesinstyd

deur Evelyn Ferreira

"Ek het hulle daar tussen die varings gesien, Mamma!" roep my driejarige seun tydens een van ons gesinsvakansies 'n hele aantal jare gelede. Ons huur 'n houthuis met 'n groot stoep wat uitkyk op 'n varingwoud by Nature's Valley. Aan die een kant die berg met sy digte plantegroei met huise versteek tussen die bosse en hoë bome en aan die ander kant die see. Jy stel jou voor die hemel kan miskien net so lyk. Dalk 'n ietsie mooier en nog meer fantasties.

Ja, dis 'n elfie en 'n paar feetjies wat hy van die stoep af tussen die varings gesien het. Ons het dan vir hom gesê hy moet op die uitkyk wees vir hulle. Ons praat vandag, amper vyf-en-twintig jaar later, nog met hom as jongman oor hierdie fantasie-ervaring. En hy wil dit net so onthou… presies so. Dit was vakansietyd, gesinstyd.

Gesinsvakansies is mos onthoutye. Ons onthou die vroegoggende se saam see toe gaan en die terug-kom so teen tienuur se kant vir 'n lekker groot ontbyt om dan weer vroegaand, as die son sak, die vuur aan te steek vir die aand se

kosmaak. Dan was daar tafeltennis, rugsakstap op die vele bergpaadjies en saamkuier met die Transvaalse familie.

As kind was dit weer saam met my ouers 'n paar keer Jeffreysbaai toe. Ek wat 'n joernaal hou oor gebeure en ervarings – gewoonlik met 'n goeie skeut humor wat uitsluitlik bedoel was om my drie susters se siel uit te trek. Ek loop onlangs een van my "vakansiepublikasies" raak. My koerantjie het selfs 'n naam en die berigte is in eg joernalistieke styl geskryf! Met uitknipsels uit tydskrifte om as foto-"bewyse" te dien van gebeure. Ek onthou weer wie ek toe was en waaroor ek gedroom het. Party drome het nooit waar geword nie; ander is nogal nie ver van bewaarheid af nie.
Ek onthou ons standaard gesinsgrappies en uitdrukkings wat tot vandag toe nog deel is van ons gesin se eiesoortige gesinstaal. En so bly gesinsvakansies een van die hoogtepunte uit my kinder- en jeugdae. Daarsonder sou ek nie die herinneringe gehad het wat ek vandag het nie en daarsonder sou ek nie gewees het wie ek vandag is nie. Die interessante is dat 'n mens nie alles in besonderhede onthou nie, maar jy weet dit was iets wat julle as gesin op 'n besondere manier aan mekaar gebind het. Dit was nie net onthoutye nie, dit was veral ook vormingstye en tye waarin julle as gesinslede by wyse van spreke die "geledere gesluit" het.

Wanneer 'n mens oor 'n onderwerp soos hierdie skryf, is jou eerste reaksie om, soos ek, weg te spring en oor jou herinneringe te skryf. Daarna beland jy egter in die versoeking om die leser te waarsku teen dié dinge wat 'n gesin nie in vakansietyd behoort te doen nie. Hierna volg daar dan gewoonlik 'n aantal wenke van wat "die regte ding is om te doen". Dis nou as gesinstyd vir jou belangrik is.

Maar wat is jóú unieke plek in die gesin waarvan jy deel is? Dis gesond om gereeld hierdie soort vrae aan jouself te stel. Daar is meer mense as net jyself by hierdie gesinsverbintenis betrokke en uiteraard het julle elkeen 'n verantwoordelikheid om hierdie bousteen van die gemeenskap maksimaal te laat werk. Maar dan nie noodwendig teen die moderne lewe se spoed nie. Inteendeel, vir gehalte gesinstyd moet jou spoed juis in vakansietye gebreek word!

Wat my by vakansietyd bring. Hier is geleentheid vir die gesin, wat in die vinnige maalstroom van ons tyd beweeg, om doelbewus af te skaal, rustiger te word en 'n slag weer verlore perspektief te herwin. Maar soms voel ek agterna die vakansie is verby en ek het steeds 'n hol kol op die maag. Die vakansie is verby en ons was maar net op 'n ander plek as die huis en dit het ons báie gekos! Ons het 'n paar nuwe dinge gesien, op 'n paar plekke gaan uiteet en miskien die jongste trekpleister op die een of ander vakansieplek gaan beleef, maar wat ons eintlik gedoen het, was om ons gejaagde lewe net op 'n ander plek te gaan voortsit. Of miskien was die vakansie júís lekker omdat ons iets "anders" op 'n ander plek gaan doen het. Wie weet? Wat wel waar is, is dat nie alle gesinsvakansies in die ware sin van die woord gesinsvakansies is nie.

Hoe kan 'n mens na 'n vakansie sê dat jy en die mense saam met jou 'n ware *gesinsvakansie* gehad het? As genoeg gesinstyd die maatstaf was, sal ons 'n paar vrae vir onsself wil beantwoord:

- Wat beskou ons gesin as gesinstyd? Hiermee bedoel ek elke lid van die gesin. Of is dit net 'n mooiklinkende term wat ons gebruik?
- Verstaan elkeen sy verantwoordelikheid teenoor die res van die gesin om "gesinstyd" te laat werk soos dit moet?
- Het elke gesinslid die geleentheid wat vakansies as gesinstyd bied, benut en dit werklik geniet?
- Wat van 'n Bybelse opdrag? Wat sê die Bybel oor die Christen en rus saam met sy gesin?
- Het hierdie "gesinsvakansie" enige verskil gemaak? Het dit 'n verskil gemaak aan ons gesinsverhoudinge; het ek my kind of huweliksmaat of ouer beter leer ken en hy of sy vir my? Het ons groter waardering vir mekaar na afloop van die vakansie? Verstaan ons gesin ons rol as gemeenskap in die kleine nou beter?

In die polities korrekte tye waarin ons leef, het dit ongewild geraak om te sê ons "trek laer!", maar 'n gesin wat die term reg verstaan, weet hoe om sy gesinseenheid te beskerm. Hy versterk homself voortdurend intern en die lede steun mekaar onvoorwaardelik, want waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit.

Daar is 'n magdom inligting en goeie wenke tot ons beskikking oor hoe sulke vakansies kan lyk. Afhangende van die gesinsamestelling, veral wat ouderdom betref, lees ek van saam kosmaak, pretpark- of dieretuinbesoeke, plaas toe te gaan (as jy bevoorreg is om dit te kan doen) of vir die plaasmense om 'n bietjie die stad te kom beleef, fliek, teater, waterpret, uitkamp, stories langs 'n kampvuur, baie lag, ver ente stap, om die see en die sand te geniet, om saam te sing as dit iets is wat julle geniet en veral as daar musikales in die gesin is wat 'n musiekinstrument of twee kan bespeel, om tyd te maak vir huisgodsdiens, om te praat oor tradisies en om rekord te hou van al die lekkerte met foto's of 'n plakboek of, ja, 'n gesinskoerantjie! Kersvakansies en Paasvakansies bied weer die geleentheid om op die tradisie en ware betekenis van die Christus se geboorte, lyding, sterwe en opstanding te fokus.

En net toe jy dink ek laat die TV uit, toe is jy reg! Ek laat hom uit… Nou ja, as daar 'n rugbytoets is, kan ons maar seker gou by iemand anders gaan kyk wat die telling is!

Laastens, op dae soos Moedersdag het my ma, as ons haar gelukwens, gesê: "Dankie my kind, maar elke dag moet Moedersdag wees". So behoort elke behoort by wyse van spreke soos 'n vakansie met "gesinstyd" te wees. Dit behoort 'n leefwyse te word ten spyte van die tempo waarteen ons leef. Miskien moet ons as gesin besluit hoe ons ons eie lewens-tempo kan bepaal sodat vakansietye 'n opwindende voortsetting van gesinstyd is wat in elk geval in die gewone gang van sake by ons gesin 'n leefwyse is.

123 Blok myself

Met die skryf van die artikel dink ek terug aan my grootwordjare. Wat doen jy op 'n plattelandse dorpie oor naweke of 'n hele vakansie tuis? Daar was nie flieks, rekenaars, televisie, iPads, tablette en lekker winkels of koffiedrinkplekke om te besoek nie. Ons het op fietse rondgery, gelees en ja, gespeel. Verskillende speletjies soos blikaspaai, wegkruipertjie, brandbal, bok-in-die-hok en baie ander. As mens terugdink aan daardie kinderdae, koester mens wonderlike herinneringe. Herinneringe van buite speel tot donker, moeg wees, lekker maats en baie lag.

Ons het ook net een keer 'n jaar gaan vakansie hou. Die voorbereiding vir die Desembervakansie was ook deel van die lekkerte waarna ons uitgesien het. Ma wat blikke vol koekies en beskuit gebak het vir die lang verwagte vakansie. Die padkos vir die rit af see toe is met sorg gemaak – tuisgebakte brood met verskillende selfgemaakte vulsels, frikkadelletjies en biltong. Die lang pad see toe is korter gemaak met speletjies soos “Ek sien iets met my klein ogies wat begin met 'n b” of karkrieket. Daar was nie iPads, selfone of tablette soos vandag, waar kinders speletjies speel of video's kyk om hulle besig te hou nie. Nee, ons het interaksie met mekaar gehad en baie nuttige vaardighede aangeleer soos om jouself te handhaaf. Hoe dan anders as vier kinders dertien ure die agterste sitplek van 'n kar moes deel!

Speel het groot opvoedkundige waarde vir die totale ontwikkeling van 'n kind. Selfs by volwassenes speel speletjies 'n belangrike rol in die bou van verhoudings en ontspanning. Ons leef in 'n tyd waar baie kinders weet van elektroniese speletjies, maar min werklik buite speel. Daar is min geleenthede vir buite rondhardloop en bal skop. Daar is opvoedkundige waarde aan rekenaarspeletjies, maar ongelukkig is daar ook baie nadele. Baie van die speletjies het geweld as tema. Kinders raak verslaaf aan rekenaarspeletjies en spandeer ure daaraan.

Speletjies leer kinders ook om met ander saam te werk en deel van 'n span te wees. Dit bevorder groepsgees, veral as daar kompetisie tussen spanne is. Speel bevorder verhoudings tussen kinders van verskillende ouderdomme en geslagte. Deur speel, leer kinders ook gesag aanvaar en emosies hanteer, veral as hulle as verloorders uit die stryd tree. Selfbeheersing wat 'n kind deur speletjies leer, is van onskatbare waarde.

Speel skep ook selfvertroue en versterk die selfbeeld, veral as hulle iets regkry. Speel leer ook vir kinders hoe om in verskillende situasies op te tree. Deur speel, gee kinders uitdrukking aan hoe hulle voel, hulle vrese en begeertes, en voel hulle in beheer van die wêreld.

Speel is 'n informele leerproses. Die kind besef nie altyd hy/sy is besig om iets te leer nie. Dit is dus die ideale manier om te leer. Speel is noodsaaklik vir die ontwikkeling van perseptuele en motoriese vaardighede. Fisiese oefening is goed vir 'n kind se gesondheid. Kinders presteer beter as hulle liggame gesond en sterk is. Kinders wat aktief is, rondhardloop en gesond eet, is minder geneig om oorgewig te wees.

Die proses van speel help die fisiese, kognitiewe en sosio-emosionele ontwikkeling van kinders en dra dus by tot die totale ontwikkeling van die kind.

SPANSPELETJIES

(#VoortrekkersKAN LEKKER SPEEL!) is saamgestel vir Die Voortrekkers en bestaan uit verskillende speletjies. Speletjies vir spanbyeenkomste, kampe, groot groepe, om werk te leer en sommer net speletjies vir die pret. Speletjies is deel van Voortrekkerwees. Hier kry kinders weer geleentheid om te speel en deur die speelproses leer hulle nuwe vaardighede aan. Die speletjies in die boek is ingedeel in vier afdelings, naamlik:

- Vriendemaak-speletjies (Kenmekaarspeletjies, Opkikkers en Ysbrekers)
- Kultuurspeletjies (soos Groepspeletjies, Tradisionele speletjies, Boeresport)
- Vaardigheidspeletjies (soos Beweginspeletjies, Ballonspeletjies, Balspeletjies, Waterspeletjies, Slimspeletjies, Skryf- en tekenspeletjies)
- Avontuurspeletjies.

Karin Stoffberg

Word deel van die speletjie-kultuur – tot voordeel van ons kinders. Vyf lesers kan elk 'n boek ontvang. SMS SPEEL na 45730.

Word 'n FAK-VRIEND Klik hier

Hartsklanke van die vakansie

Pieter Cloete

Baie van my vakansie-avonture kan ek baie goed onthou, danksy musiek wat my op die avonture vergesel het. Net nou die dag hoor ek 'n lied op radio wat ek baie lanklaas gehoor het, en dié het my dadelik teruggevat in tyd. Zinkplaat – Piekniek op die maan. Dit was 'n heerlike somersmiddag op 'n wynplaas in Helderberg saam met iemand spesiaal. Dit was rooiwyn en liefde op die eerste oogopslag. Dié liedjie het in die agtergrond gespeel op my eerste iPhone. Snaaks hoe musiek jou weer kan laat dagdroom en terugvat in tyd. Dit kan herinneringe vasvat en die goeie (en slegte) tye kan terugspeel soos 'n ou grammofoonplaat.

Of jy nou die langpad deur die Karoo gaan aandurf of 'n naweek wegbreek in die bosveld, musiek gaan saam (of jy dit nou ingepak het of nie). Hier is my vyf gunsteling albums van 2017 wat die pad na jou bestemming meer aangenaam kan maak (of dalk agtergrondmusiek as jy daai eerste vakansie-braaivleisvuur aansteek).

Steve Hofmeyr – *Skree*

Steve het vanjaar sy 30ste album opgeneem met die titel, *Skree*. Sy nuutste enkelsnit vanaf dié album is tans op verskeie top 20 trefferparades. Die album sluit liedjies in soos: "Feeslied", "Skree" (Steve Hofmeyr & Riana Nel, "Val In My", "Breek Jou Belofte", "Ek Is", "Hoe Maak Ons Nou", "Langkoebaai", "Loper", "Net Mooi Bogerol Fogerol Niks", "Sondaars", "Voetsekdag", "Goverment Song" en "Red Gebed".

Refentse – *Deur my venster*

Hierdie is Refentse se tweede album, met 'n paar liedjies wat hy self geskryf het soos "Vuil Vanderbijl", "Anoret", "Melans MNel", "Jané vir my", "Alles my nou" en "Sal jy?". Die album sluit ook die volgende liedjies in: "Lalie", "Stuur Groete Aan Mannetjies Roux", "Sprokie Vir 'n Stadskind", "Piekniek Vir Twee", "Engel", "Pennies Op Die Spoor", "Transkaroo", 'n Anton Goosen Medley, 'n David Kramer Medley en "Breyten Se Brie".

Liezel Pieters – *Sing my hart uit*

Liezel Pieters is 'n sangsensasie wat 'n geruime tyd reeds gehore verstom met haar fenomenale vernuf en veelsydigheid. Nou is dié Krone- en 4Werke-gunsteling se debuutalbum uiteindelik hier! *Sing my hart uit* is 'n album wat in 15 snitte van pure bederf die allerbeste van een van Suid-Afrika se mees opwindende nuwe talente tentoonstel – 'n ryke en unieke vermenging van pop, country en selfs 'n tikkie rock.

Hierdie CD sluit liedjies in soos: "Droë Riviere", "Asemloos (Believing)", "Gooi Jou Liefde Op My Neer", "Heaven Is Here", "Miljoene Druppels", "Nagskof Opskop" (Snotkop & Liezel Pieters), "Lekker-Lyf-Lekker", "Meer as Net Vriende", "Making Love Out of Nothing At All", "Just a Fool" (Ray Dylan & Liezel Pieters), "Dans Dat Die Stof So Staan", "Sing Jou Hart Uit", "Wie Jy Is", "Show Me Heaven" en 'n Bonnie Tyler Medley.

Kaleidoskoop – *Gunsteling seisoen*

Die talentvolle akoestiese musiekgroep, Kaleidoskoop, het dit reggekry om die afgelope tien jaar die harte van musiekliefhebbers regoor die land te verower. Hierdie *Huisgenoot Tempo*-bekroonde (*Beste Kontemporêre Album 2012*) en Ghoema-genomineerde (*Nuweling van die Jaar, Beste Kontemporêre Album, Musiekvideo van die Jaar*) sang-duo is self verantwoordelik vir elke aspek van hulle musiek en bied aan luisteraars 'n hoendervleismooi akoestiese klank, vermeng met 'n magiese kombinasie van melodieë en instrumente – wat nie net aanklank vind by gehore van alle ouderdomme nie – maar ook getuig van hulle talent, passie en sinergie.

Gunsteling seisoen sluit in "Vlugvoetig", "Gunsteling Seisoen", "Jy Langs My", "Die Goeie", "Somer-reën", "Erfgenaam", "The Call", "Wegbreek", "Soms Wonder Jy", "Mooiste Tyd", "Dromer", "Gabriel" en "Fakkels".

Len Muller – *Oog van die storm*

Len Muller het beslis geen bekendstelling in die musiekbedryf nodig nie. Hy het een van daardie unieke stemme, wat 'n gehoor in die palm van sy hand hou totdat die laaste noot wegsterf, en het in 'n kort tydjie homself stewig kom vestig in die harte van musiekliefhebbers. Sy tweede studio-album, *Oog van die storm*, is pas bekendgestel en beloof om nie net voort te bou op sy kenmerkende wenresep nie, maar dit ook te oortref.

Hierdie splinternuwe CD kan beskryf word as Afrikaans-akoesties en sluit die klanke van al dié musikant se gunsteling instrumente in – van die banjo en mondfluitjie tot die tjello en akoestiese kitaar. Dit sluit liedjies in soos "Ek Glo", "Ons Is Een", "Sing Vir Sente", "Die Gang", "Vrede", "Amsterdam" (feat. Dan Patlansky & Dave Ferguson), "Sweef", "Oog Van Die Storm", "Sterrewals", "Totsiens", "Wonde" en "Boetie".

Maak hierdie vakansie herinneringe deur jou eie hartsklanke, hetsy dit rock, Afrikaanse pop of alternatief is.

'n Vars blik op

Churchill en Smuts se vriendskap



***Churchill & Smuts:** Die vriendskap,*
deur Richard Steyn
Jonathan Ball Uitgewers, 2017

CHURCHILL EN SMUTS HET 'N MERKWAARDIGE VRIENDSKAP GEHAD, WAT OOR DIE VERLOOP VAN 50 JAAR EN DUISENDE KILOMETERS GESTREK HET. DIÉ BOEK VERTEL ALBEI SE AFSONDERLIKE VERHAAL IN BREË TREKKE, MAAR FOKUS VERAL OP DIE TYDGREPE WAAR HUL PAAIE KRUIS.

Richard Steyn, wat as voorloper tot dié boek 'n boek net oor Jan Smuts gepubliseer het, toon sy vernuf as navorser en skrywer. Die boek skets eerstens albei karakters se agtergrond – en hoe totaal uiteenlopend dit was. Terwyl Churchill uit 'n uiters gegoede en gesiene familie stam en aan net die beste gewoond is, kom Smuts uit 'n eenvoudige boeregesin sonder veel voorregte en geleenthede in sy kinderdae.

Churchill se welgestelde agtergrond laat 'n bepaalde arrogansie by hom wortelskiet – iets wat gedurende sy lang politieke loopbaan soms tot sy voordeel gestrek het, maar meer dikwels kritiek ontlok het, veral in sy jonger dae. Hy het self erken dat hy 'n egoïs is – "Wat sal van jou word as jy nie een is nie?". Hoewel sy familiebande hom aanvanklik 'n onteenseglike voordeel gegee het, het sy vermoëns en vasberadenheid mettertyd van hom 'n verdienstelike politikus en openbare figuur gemaak.

Eweneens het Smuts se skerpsinnigheid en hardwerkendheid hom van die groep onderskei, sodat 'n sekere arrogansie wat by hom ontwikkel het vir sy ondersteuners geregverdig is, terwyl sy kritici dit altyd teen hom gehou het.

Albei karakters het uiters belangrike rolle op die internasionale verhoog gespeel, veral in oorlogstyd. Churchill was midde in die besluitnemingsprosesse as deel van die Britse parlement gedurende albei die wêreldoorloë, terwyl generaal Smuts se kundigheid en ervaring wat hy tydens die Anglo-Boereoorlog opgedoen het, spesiaal ingeroep is om met moeilike besluitneming te help. Hy is tydens die Eerste Wêreldoorlog as lid van die Britse oorlogskabinet aangestel en dieselfde posisie in die Tweede Wêreldoorlog aangebied, wat hy weens verpligtinge in Suid-Afrika van die hand gewys het.

Daar word heelwat uitgewy oor die verloop van die wêreldoorloë en rolle wat die twee mans daarin gespeel het, danksy die oorvloed korrespondensie en aantekeninge wat juis oor dié tyd handel. Ander rolspelers word ook genoem, soos die Indiër Gandhi, Frankryk se Charles de Gaulle, Italië se Mussolini, Hitler, die Rus Stalin en president Roosevelt van die VSA.

Churchill en Roosevelt het hegte vriendskappe met Smuts gesmee en sy staatsmanskap openlik bewonder. So is Smuts in 1941 as ereveldmaarskalk van die Britse leër aangestel. Dié aanstelling was egter vir sy Afrikaner-Nasionale teenstanders nog 'n bewys dat hul eerste minister nou meer Brits as Suid-Afrikaans was.

Smuts was die enigste eerste minister in die dominiums op wie se mening Churchill werklik ag geslaan het. In die woorde van Churchill se privaat sekretaris, sou die premier "aandagtig luister na die woorde van wysheid, uitgespreek met 'n [Suid-Afrikaanse] aksent en op hoë staccato-tone ... Min van Churchill se kollegas in die Britse regering se woorde het dieselfde gewig gedra."

Baie van die korrespondensie tussen Churchill en Smuts is in die boek gepubliseer. Dié briewe getuig van wedersydse hoë agting en respek op professionele vlak, asook 'n noue persoonlike band met meelewing.

Die boek bevat ook staaltjies en vertellings oor hul geaardhede en hoe ander mense hulle ervaar het. So het die koerant waarvoor Churchill in sy jong dae gewerk het, die *Morning Post*, byvoorbeeld opgemerk dat "ofskoon ons nog nie 'n onsinkbare skip ontwerp het nie, ons die onsinkbare politikus ontdek het". Ná die oorloë was daar ook talle kleurryke vertellings van hoe dit was om vir die veeleisende Winston Churchill te werk en sommige daarvan is in die boek vervat, asook vertellings van Churchill se beroemde humorsin.

Churchill & Smuts: Die vriendskap bevat 'n magdom inligting wat in verteerbare hoofstukke en kleiner brokkies binne die hoofstukke verdeel is, sodat dit nie oorweldigend raak nie. Elke hoofstuk begin met 'n aanhaling wat die man aan die woord se standpunte oor kwessies duidelik stel en tot die leser se begrip van gebeure bydra. Die skrywer bied ook moontlike antwoorde op die vraag wat hierdie twee egosentriese, selfgedrewe, hardwerkende en sonderlinge karakters 'n halfeeu lank na mekaar gedryf het. Hy identifiseer dan ooreenkomste en teenstrydighede wat die leser nuwe insig bied.

Dié boek is 'n plesier vir alle liefhebbers van geskiedenis, biografieë en veral die Tweede Wêreldoorlog. Dit lees maklik, verweef die feite – oud en nuut – gemaklik en vul die leeservaring met foto's en spotprente aan.

Petronel Fourie

My Man se Skelmpie se Skelmpie se Vrou

Resensie deur: Christa Steyn

Lefra Produksies, wat ook die suksesvolle *Groet die Grotman* en *Daa'Gaat die Bruid* op die planke gebring het, het vanjaar weereens gesorg vir groot vermaak met *My Man se Skelmpie se Skelmpie se Vrou*.

Frans Swart, wat bekend staan as Suid-Afrika se klugkoning, het die regie en teksverwerking behartig. Die teks is oorspronklik deur Ray Clooney en John Chapman, met die titel *Not Now Darling*, geskryf en aanvanklik deur Wim Vorster vertaal.

Gebeure speel in Schaap, Schaap en Zuma se swierige pels-salon in Sandton af. Die ekstrovertiese Arno Schaap, gespeel deur Wynand van Vollenstee, besluit om 'n wulpse ontkleedanseres, Janie (Jennifer Myburg), met 'n peperduur pelsjas te verlei, maar dan besef hy dat haar man, Harry Vlok, gespeel deur Phillru van Achterbergh, onheil sal vermoed as sy met die jas by die huis opdaag. Wanneer Arno die prys verlaag, en Janie se man dit vir sy skelmpie, Sue Knoll (Anel du Plessis) koop, is dit slegs die begin van 'n hele rits skreeusnaakse gebeure. Die res van die rolverdeling sluit Ana van Achterbergh, Botha Enslin, Marissa Claasen, Francois van Rensburg, Rouel Beukes en Elma Potgieter, in.

Swart erken dat hy al aan vele maltrap produksies gewerk het, maar dat híérdie een sonder twyfel die 'malste' klug van almal is.

***My man se Skelmpie se Skelmpie se Vrou** is vanaf **28 November tot 2 Desember** te sien by die **Atterbury Teater**.

Kaartjies beloop R160/R180 en is by Computicket beskikbaar.
Vir meer inligting en besprekings besoek die webblad of skakel 012 942 5951.

Die Nag van Legio

Albert Maritz trek in 2017 'n nuwe baadjie vir PG du Plessis se debuut-roman, Die Nag van Legio **(1969), aan.**

Resensie deur: Christa Steyn

In 1969 het die roman groot opslae gemaak met ongekende taalgebruik en kwessies wat die publiek ongemaklik gelaat het. Maar ten spyte hiervan het dit destyds groot sukses in teaters behaal. Dié sielkundige riller het onderskeidelik in 1970 en 1972 vir Du Plessis die WA Hofmeyr-prys en die Hertzogprys in die sak gebring.

Vanjaar stof Maritz, wat verantwoordelik is vir die regie, hierdie roman af én bring vernuwing met 'n paar komiese elemente. Na die suksesvolle speelvakke by die afgelope jaar se Innibos en Vrystaat Kunstefeeste, kan Kapenaars ook nou hul kunstevere regskud vir die verhoogproduksie wat vanaf 14-19 November by die Kunstekaap Teater te sien is.

Die bekroonde rolverdeling sluit Andre Roothman, Gerben Kamper, Duncan Johnson, Deon Lotz, Francois Jacobs, Rian Visman, Hein Poole en Francois Potgieter in. Gebeure speel in 'n saal met vier geestelikversteurde pasiënte af wat deur die verloop van die aand deur 'n vyfde pasiënt begroet word. Pasiënte is slegs pionne in die stryd tussen goed en kwaad en die universele temas wat aangeraak word, naamlik massahisterie, demoniese besitname, magspel en manipulasie en die onderwerping van die individu, is vandag net so relevant soos 44 jaar gelede toe die drama vrygestel is.

***Die Nag van Legio** is vanaf **14-19 November 2017** te sien by die **Kunstekaap Teater**.

Kaartjies beloop R120 p.p. en is beskikbaar by Computicket.

Geen o/18's word toegelaat nie.

Word 'n FAK-VRIEND
Klik hier



CHRIS LAMPRECHT
90 jaar huldiging-CD

Die bekende komponis en orrelis Chris Lamprecht het onlangs 90 jaar oud geword, en ter viering daarvan is 'n dubbele CD-versameling, wat bestaan uit gewyde en sekulêre komposisies en verwerkings waarby hy betrokke was, vrygestel.

Die gewyde musiek is op die eerste CD, en daar is 'n paar werke wat uiters gewild onder veral kerkkore geword het. Een van die heel bekendstes is "Wie het ek buiten U?", wat deur die RAU-koor onder leiding van Johan van der Sandt gesing word. Dit is seker een van Chris se heel bekendste komposisies. Die UJ-koor onder Renette Bouwer het verlede jaar baie goed gevaar met Varsity sing, en hul vertolking van Chris se verwerking van Psalm 84 is die volgende snit. Die tweede bydrae van die RAU-koor is 'n verwerking van Psalm 8, bekend as "Wat is die mens?" Die eerste instrumentale snit is "Die Here is my herder", waarop Charl Lamprecht die klassieke kitaar bespeel. Die liederwysie van Psalm 84 is nie so bekend nie, en dit is 'n jammerte, want dit is besonder mooi. Die weergawe van die Singkronies-kamerkoor onder leiding van Johan van der Sandt, is hier ingesluit. Die UP-koor onder leiding van Petru Gräbe is volgende aan die beurt met "O diepte van die rykdom". Dit is ook goed om 'n paar minder bekende komposisies te hoor, soos die pragtige snit "Hosanna Sy lieflike Naam", wat deur die SUKOVS-kinderkoor onder leiding van Huibre Verster gesing word. Nog 'n minder bekende, maar pragtige komposisie is "Eerste Kersfees", waarvan die Singkronies-kamerkoor se weergawe ingesluit is. Chris was lank die orrelis by die NG Kerk Universiteitsoord en hy speel "Dors na God", na aanleiding van Psalm 42, op die orrel. "Aan U kom 'n lofsang toe" is een van Chris se bekendste komposisies, en die vertolking van die Singkronies-kamerkoor is baie goed. "Kom na My toe", na aanleiding van Mattheus 11 vers 28, is nog 'n bekende komposisie, en weer eens is die opname van die Singkronies-kamerkoor ingesluit is. Talitha Koemi, wat deur die Tygerbergse kinderkoor onder leiding van Hennie Loock gesing word, vertel die verhaal van die opwekking van Jaïrus se dogtertjie. Die hoogtepunt op hierdie CD is "Golgotha", wat deur die UP-koor gesing word en die verhaal van Jesus se kruisiging vertel. Benewens die hele stuk is twee uittreksels daaruit ook apart ingesluit. Chris se verwerking van "Die Aandgesang" is seker sy heel bekendste komposisie en aangesien dit in die Liedboek van die Kerk ingesluit is, word dit gereeld in gemeentes gesing.

Die sekulêre CD skop af met die baie bekende "Akkedissie", wat deur Renette Bouwer, Marcia Otto en Nicolas Nicolai gesing word, met Charl Lamprecht wat weer eens die klassieke kitaar bespeel. Selfs met net 'n paar stemme klink dit baie goed. "Nuwejaar" is seker een van die heel bekendste koorwerke tot nog toe en die vertolking van die koor van die Noordwes-Universiteit onder leiding van Awie van Wyk is sonder twyfel een van die hoogtepunte van die hele versameling. Dit is ongelooflik lekker om na te luister, en jy voel of jy wil saamsing! "Die speenvarkie" deur die Jakaranda-kinderkoor onder leiding van Riekie van Aswegen is nog 'n hoogtepunt. Dieselfde drie stemme as aan die begin van dié CD span saam vir die uiters skerpsinnige snit "Só is ons maniere". Net jammer dit is so kort. Die Pretoria-mannekoor onder Margie Spaumer sorg vir "Swart Jasper", nog 'n hoogtepunt. Die volgende snit, "Ou windvoël", wat deur dieselfde koor gesing word, is nog 'n lekker snit om na te luister. "Skugter Sarie" is gebaseer op die bekende volksliedjie "Sarie Marais", en dit bestaan uit vier dele. Dis lekker om 'n konsertina, gespeel deur Adriaan Odendaal, in 'n koorwerk te hoor; dit is een van die redes hoekom die Vrystaatse jeugkoor se vertolking van "Appelblouskimmel" een van die beste snitte op die hele versameling is. Die geluid van 'n perd se hoewe word ook deur 'n stem nagemaak. "Aan die jonkheid" word gesing deur Renette Bouwer, met Charl Lamprecht wat haar op die klassieke kitaar begelei. Dit is 'n samevoeging van snitte soos "Bamboesvlei", "Goue koring goue hawer", "Ek groet vir laas my gryse berge" en ander bekende snitte wat ongelukkig nie op die omslagaantekeninge genoem word nie, en hoewel dit 'n baie lang snit is, is dit lekker om na te luister. Chris bespeel die klavier op "Oomblik van skoonheid", asook op "Waarom?" "Tippie tippie tin-wals", waarop 'n konsertina en 'n kontrabas gehoor kan word, is nog 'n hoogtepunt, en die Jarakanda-kinderkoor se vertolking is uitstekend. "Nuwerjaar"-seties is nog 'n lekker snit, en weer eens is Bert Botha se konsertina in die agtergrond. Wie het gesê 'n konsertina móét vir Boeremusiek gebruik word? "Kolperd" is nog een van Chris se bekendste komposisies, en 'n klavier- en kooropname is ingesluit. Met verlede jaar se Varsity Sing-kompetisie het die Universiteit van Wes-Kaapland se koor vir 'n baie groot verrassing gesorg toe hulle "Aan die Noordweste" by hul program ingesluit het. Die koor van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria (Affies) se opname is egter by hierdie versameling ingesluit. Dit is 'n samevoeging van stukkies musiekmateriaal wat Chris in Namakwaland opgeteken het. Dit maak nie saak wie dit sing nie; dit is iets baie besonders. "Die togliedjie", wat deur Renette Bouwer, Marcia Otto en Nicolas Nicolai gesing word, is geïnspireer deur Chris se pa, wat transport gery het. "Jan Piet" is nog een van Chris se heel bekendste komposisies, en die opname van Affies se koor is hier ingesluit. Hulle sorg ook vir nog 'n hoogtepunt, naamlik "Die Springbok", wat geïnspireer is deur die 1995-Wêreldbeker. Die laaste snit is "Piet Donsie", nog een van Chris se komposisies wat volksbesit geword het; die verwysings na Sharon Stone en 'n BMW het sekerlik eers later bygekom, en daar word ook na sy verjaardag verwys.

Hierdie versameling is beslis 'n móét vir enigiemand wat lief is vir koormusiek en wat al van sy komposisies of verwerkings in 'n koor gesing het.

Daantjie Dinamiet

Groete van my – WOLWE-DANS



DIT GEBEUR GEREELD DAT 'N SANGGROEP ONTSTAAN UIT 'N UNIVERSITEITSKOSHUIS SE SERENADEGROEP.

Ladru Ehlers en Danré van der Spuy kom oorspronklik van twee heeltemal verskillende dele van die land, naamlik Heidelberg (Gauteng) en Amanzimtoti onderskeidelik, maar hulle het saam vir die serenadegroep van die Excelsior-manskoshuis by die Noordwes-Universiteit gesing en besluit om die sangpaar Wolwe-Dans te stig. Hul debuutalbum is getiteld *Groete van my*.

Landru het die meeste snitte geskryf, onder meer die eerste snit, "Sterrekyk." Die akoestiese klank van hierdie snit is uiters treffend, en gee 'n mens alreeds die indruk dat hierdie album iets besonders kan wees. Die volgende snit, "Ek kan jou myne noem", gaan byna vir seker 'n treffer word; dit het 'n lekker ritme, goeie kitaarwerk en harmonieë en die trompet is iets heeltemal anders. "Sonsak" is een van die snitte waarvan daar reeds 'n musiekvideo gemaak is, en dit beteken dat dit 'n treffer behoort te word. Die "taalpuriste" sal egter nie daarvan hou dat die woorde "saam jou" in die lirieke voorkom nie. Dit is egter iets wat al hoe meer in Afrikaanse musiek voorkom. "Op wie jy kan vertrou" is effens rustiger as die ander snitte tot dusver, maar weer eens is dit 'n moontlike treffer. "Foutloos" het 'n akoestiese rock-klank en is 'n hoogtepunt vanaf die album. Die harmonieë op die titelsnit is eenvoudig uitstekend en die banjo in die agtergrond is iets besonders. "Kaap van liefde" is nog een van die beste snitte vanaf die album. Die akoestiese kitaarwerk op "Stoorstorie" is eenvoudig uitstekend. Daar is twee weergawes van "Trouliedjie" op die album ingesluit; die eerste een is 'n rock-weergawe. Dit gaan byna vir seker een van die treffers vanaf die album wees en gaan sommer binnekort op troues gehoor word. Die akoestiese kitaarwerk op "Wonderwerk" is baie goed en die woorde is iets anders as wat 'n mens sou verwag. "Ek het jou lief" is die eerste radiotreffer, en dis maklik om te verstaan hoekom. Die akoestiese weergawe van "Trouliedjie" is pragtig; 'n mens kan dink hoeveel bruidegomme wat kitaar kan speel, sal dit op hul troudae vir hul vroue sing.

Daar is deesdae min akoestiese rock-albums wat op 'n breë gehoor gemik is, en hierdie een is een van die bestes wat die afgelope tyd verskyn het. Dit kan baie sterk aanbeveel word vir enigiemand wat van goeie musiek hou en na iets meer op soek is as die kommersiële snert wat sommige radiostasies in luisteraars se keelgate afdruk.

1925 band kuier by die FAK.

Klik op die video vir die volledige onderhoud

Kultuurleiers tydens historiese FAK Prestige-aand vereer

Presies 500 jaar gelede op 31 Oktober 1517 het die Duitse monnik, Martin Luther, sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg-katedraal vasgespyker en met elke hamerslag is die aanvang van die Protestantse Reformasie luid aangekondig.

Dié geskiedkundige gebeurtenis se enorme impak op die Westerse kultuur word vandag steeds ervaar en op 31 Oktober 2017 het die FAK tydens die jaarlikse Prestige-aand vier uitsonderlike kultuurleiers vereer vir hul besondere bydrae tot Afrikaans en Afrikanerkultuur.

Die aand was weereens 'n luisterryke geleentheid wat ingewy is met pragtige orrelspel terwyl die kerkklokke van die NG Kerk Lyttelton moedergemeente in die agtergrond beier. Die sangtalent van Liezel Pieters en Chris Chameleon het gaste betower en opnuut laat besef hoe bevoorreg ons is om wêreldklas Afrikaanse sangtalent op ons voorstoep te kan geniet.

Die FAK word getrou finansieel ondersteun deur 'Vriende' wat maandeliks bydraes lewer en daar word soms gewonder hoe hierdie bydraes aangewend word. Vanjaar is daar tydens die Prestige-aand 'n video vertoon wat kortliks die hoogtepunte van die FAK se bedrywighede ten toon gestel het. Ieder en elk van die gaste het na afloop van die geleentheid net weereens bevestig hoe trots hulle daarop is om te weet dat hulle deur hul getroue ondersteuning die FAK help om geld om te skakel in kulturele kapitaal, wat bydra tot die toekoms van ons taal, kultuur en geskiedenis.

Die FAK het vanjaar vier persone vereer vir die merkwaardige bydraes wat elkeen van hulle op hul onderskeie gebied gelewer het tot die bevordering van die Afrikaanse taal en Afrikanerkultuur. Die ontvangers was:

- **Mnr. Flip Buys:** FAK Prestige-toekenning vir uitnemende leierskap;
- **Prof. Abraham H. De Vries:** NP van Wyk Louw Toekenning vir die bevordering van Afrikaanse taal en kultuur;
- **Prof. Irma Eloff:** HB en MJ Thom Prestige-toekenning vir die bevordering van Afrikaanse onderwys en opleiding; en
- **Me. Johanna van Eeden:** FAK Prestige-toekenning vir die bevordering van Afrikaans in die media.

Die aand is tradisioneel afgesluit met 'n gesellige saamkuier op die grasperke buite die kerkgebou waar gaste in vervoering was oor die liggies, kerse, wyn en heerlike eetgoedjies wat bedien is. Na afloop van die spoggeleentheid was almal dit eens: die FAK is dié kultuurorganisasie waar jy waarlik in hart en siel, tuis kan voel.



Foto's: Johann van Staden

Sing in Harmonie
waar verskillende klanke een word

KNOU!

Wenners teen wenners

Op 21 Oktober 2017 is daar geskiedenis gemaak op kykNET NOU! (DStv-kanaal 146) toe 12 laerskoolkore vir die eerste keer in Suid-Afrika regstreeks op televisie deelgeneem het aan 'n koorkompetisie, Sing in Harmonie.

Sing in Harmonie is reeds vir die vyfde jaar aangebied en sedert 2017 word die kompetisie met trots deur die FAK as kultuurvennoot ondersteun.

Die afgelope vyf jaar se wenners het regstreeks teen mekaar meegeding vir die nasionale titel as laerskoolkoor van die jaar. Die struktuur van die kompetisie het daartoe gelei dat wenners teen wenners kompeteer en dus is dit die room van Suid-Afrika se skoolkore. Die laerskole wat deelgeneem het, is Constantiapark (Junior en Senior), Wonderboom, Kruinsig, Kameeldrift, Pretoria-Oos, Wierdapark, Anton van Wouw (Junior en Senior), Goodwood Park, Kenmere en Curro Aurora.

Dit is vanjaar 80 jaar sedert die eerste FAK-Sangbundel verskyn het (1937-2017). Deel van die mylpaal se vieringe het elke dirigent die nuwe FAK-Sangbundel ontvang wat hulle kon terugneem skool toe om die Afrikaanse musiekerfenis aan die jeug oor te dra. Met hierdie bundel en liedjies kan ons kinders op die lirieke van Afrikaanse musiek in die toekoms baljaar.

Suid-Afrika se top laerskoolkore is:

- Laerskool Kruinsig (Kykerskeuse)
- Laerskool Anton van Wouw (Junior)
- Laerskool Anton van Wouw (Senior Informeel)
- Laerskool Kenmere (Senior Formeel)

Die volgende pryse was op die spel:

- 'n Klavier ter waarde van R40 000, geskenk deur Bennie Dekker Klaviersentrum
- R10 000 kontant vir elke kategoriewenner (Junior, Senior Formeel en Senior Informeel)
- Elke dirigent ontvang die nuutste FAK-Sangbundel (Volume 2, Uitgawe II)
- Elke kategoriewenner ontvang 'n 10-snit CD-opname ter waarde van R20 000
- Elke deelnemer ontvang 'n FAK-deelnamesertifikaat

Die kleurryke kompetisie sal sy talent in 2018 weer met kykNET NOU! kykers deel. Hou ink dop om te sien wanneer jy kan inskakel.

Stemwysie van Heidi leef voort

Die immer gewilde Afri-Duetfees is vanjaar op 20 Oktober aangebied by die ZK Matthewsteater te Pretoria. Dié fees word reeds vir vier jaar deur die Gereformeerde kerke Andeon en Bergsig aangebied. Tydens die fees tree kunstenaars in duetformaat op en bied vir die gehoor 'n luisterryke ervaring.

'n Hoogtepunt tydens vanjaar se Afri-Duetfees was die FAK Prestige-toekenning wat aan Carike Keuzenkamp oorhandig is vir haar positiewe bydrae tot Afrikaanse musiek vir 'n loopbaan wat strek oor die afgelope 50 jaar.

Dr. Danie Langner, Besturende Direkteur van die FAK het vertel dat dié toekenning nie net aan Keuzenkamp oorhandig word omdat ons 'n liefde gekry het vir ons taal en kultuur deur haar liedjies nie, maar ook om dankie te sê vir wat sy vir Afrikaanse musiek oor die jare heen beteken het.

"Dankie vir die skoonheid wat jou musiek oorgedra het deur generasies heen. 'n FAK-toekenning vir 'n halfeeu se lewenswerk is 'n raaksien en waardeer," het Langner vertel.

Langner het ook die Carike Keuzenkamp-roos aan haar oorhandig en vertel dat dié roos se betekenis met haar loopbaan vergelyk kan word.

Keuzenkamp het op haar beurt vertel dat die toekenning vir haar 'n baie groot eer en voorreg is. "Ek het nie gedink toe ek 50 jaar terug begin sing het, dat ek so lank gaan sing nie en tweedens dat ek so toekenning sou kry deur 'n fantastiese organisasie soos die FAK nie, dit is vir my 'n ongelooflike eer."

Betekenis van die Carike Keuzenkamp-roos: 'n Diep oranje-rooi, amper vermiljoen, snyroos van medium hoogte. Die knoppies ontvou grasieus om 'n treffende, ferm blom te openbaar. Sy projekteer energie, jeug en geluk met haar opvallende voorkoms en hou haar vorm wanneer dit volwasse is. Gehard en blom oorvloedig. Skep 'n uitstekende fokuspunt.

Laat Afrikaans in jou tuin blom met die Carike Keuzenkamp-roos. Sluit aan as FAK-vriend en ontvang 'n roosboom. KLIK HIER

Toekoms van Afrikaner-kultuurorganisasies

Die FAK het op 31 Oktober 2017 'n Leierskapkonferensie aangebied in Lyttelton, Pretoria, om die toekoms van Afrikanerkultuurorganisasies te bespreek.

Die konferensie is bygewoon deur verteenwoordigers van verskeie Afrikanerkultuurorganisasies en daar is besin oor die toekoms van Afrikaner-kultuur met spesifieke klem op die gesin, die gemeenskap en Afrikanerkultuurorganisasies.

Die gassprekers wat opgetree het, sluit in: Prof. Danie Goosen (Voorsitter van die FAK), Christoff van Wyk (Bestuurder: NP van Wyk Louw-sentrum), dr. Callie Opperman (Emeritus Predikant: Gereformeerde Kerk Windhoek-Suid), dr. Danie Langner (Uitvoerende Bestuurder: FAK) en Flip Buys (Voorsitter: Solidariteit Beweging Trust).

Prof. Danie Goosen het tydens sy spreekbeurt 'n hoogs stimulerende en verrykende filosofiese begronding aangebied oor waarom die tradisionele gesin steeds die hoeksteen vorm van enige gesonde gemeenskap, asook hoe die verbrokkelende gesin herstel kan word.

Christoff van Wyk het in sy aanbieding gekyk na die toekomsscenario's wat ontwikkel is tydens 'n werkswinkel wat deur die FAK in samewerking met Frans Cronje van die Centre for Risk Analysis aangebied is. Die aanbieding het spesifiek gefokus op die toekoms van Afrikanerkultuurorganisasies en daar is gekyk na die moontlike scenario's wat in die toekoms kan uitspeel.

Dr. Callie Opperman het 'n baie insiggewende bydrae gelewer deur die storie van Afrikaners in Namibië te vertel en hoe die klein groepie van bykans 50 000 hulself kultureel moes vind en herorganiseer na onafhanklikwording in 1990. Sy toespraak het veral gefokus op die suksesvolle netwerk van privaat Afrikaanse skole wat hy help stig het, asook die Namibiese kultuurorganisasie, NETWERK vir Afrikanerbelange (Namibië).

Dr. Danie Langer het in sy toespraak die interessante geskiedenis oor die ontstaan van Lyttelton uitgelê en hoe die kerk as anker binne die gemeenskap gesorg het dat die area uitbrei en ontwikkel om in die behoeftes te voorsien van die gemeenskap. Hy het verder ook daarna verwys dat volhoubare gemeenskappe slegs teweeg gebring kan word as daar 'n sterk, selfstandige vennootskap gehandhaaf word tussen kerk, gemeenskap en skool.

Flip Buys het in sy toespraak uitgewys hoe die Westerse beskawing oor kultuurskatte beskik wat hul gebring het waar hulle vandag is en dat Afrikaners op dieselfde trant oor hierdie voorsprong beskik. Die vraag wat egter gestel word is of hierdie "... historiese kultuurskatte en waardes (is) nog steeds erken word as deel van die oudste en nuutste suksesresepte in die wêreld."

Die konferensiegangers was dit eens dat hegter samewerking tussen kultuurorganisasies van groot belang was in die huidige omstandighede en dat voorbehoude en besware wat dalk voorheen skeiding veroorsaak het, besig is om te vervaag wat dan ook beter samewerking moontlik maak.

Ander temas wat ook tydens die oop gesprek na vore getree het, was 'n besorgdheid oor die jeug en hul skynbare onbetrokkenheid by kultuurorganisasies, asook die feit dat Afrikanerkultuurorganisasies indringend aandag sal moet gee aan hul befondsingsmodelle om te sorg dat hulle in die toekoms ekonomies volhoubaar kan voortbestaan.

FAK-Hoofleiersimposium

"Leierskap is 'n keuse en nie 'n posisie in 'n hiërargie nie."
– Stephen Covey

Ontwikkel die jongleiers van jou skool se leierskapsvaardighede deur hulle na die FAK-Hoofleiersimposium te stuur van 1-3 Desember 2017 by die Sediba Kwêle Avontuurkamp. Hier help ons leiers om te groei deur 'n positiewe, Christelike omgewing te skep, waar hulle in aanraking kom met leiers van ander skole en leiers wat al jare se ervaring het, van die goed tot sleg van leierskap, dit alles in Afrikaans! Die FAK-Hoofleiersimposium is jou skool- of koshuishoofleiers se eenstop-leierskapkursus. Hier word leerders geïnspireer om by te dra tot 'n beter toekoms vir jou skool en gemeenskap.

Maak gou – daar is net 120 plekke beskikbaar!

KLIK HIER vir inskrywings of meer inligting.

Daar kom die Alibama

"Daar kom die Alibama" is 'n tradisionele volksliedjie wat in die oorspronklike FAK-sangbundel ingesluit is.

Die Alibama is eintlik die Amerikaanse oorlogskip, die *CSS Alabama*, maar in die Kaapse volksmond het dit die Alibama geword. Gedurende die Amerikaanse Burgeroorlog was die *CSS Alabama* deel van die Gekonfedereerde State van Amerika se vloot, maar pleks daarvan dat sy direk teen die Noordelike oorlogsvloot ingespan is, het sy die noordelike oseane deurkruis op soek na handelskepe. Hierin was sy uiters suksesvol en deur handelskepe te kaap, het sy wêreldbekendheid verwerf.

Die *CSS Alabama* is in 1862 in die geheim deur John Laird Sons and Company in Birkenhead in die noorde van Engeland gebou in opdrag van die Gekonfedereerde State. Die skip is op 15 Mei 1862 te water gelaat en het aanvanklik as die *Enrica* bekend gestaan. Sy was 67 meter lank, is met 'n stoomenjin met 'n skroef aangedryf en het agt kanonne en 144 bemanningslede gehad. Nadat sy te water gelaat is, het sy na die Azores geseil, waar sy na die Gekonfedereerde State oorgedra is en op 24 Augustus 1862 tot die *CSS Alabama* herdoop is. Weens die blokkade van die Gekonfedereerde State se hawens deur die Unie-vloot kon die *Alabama* nie een keer by 'n Gekonfedereerde hawe aandoen nie. Daarom moes sy van neutrale hawens, soos Kaap-stad, gebruik maak. Gedurende haar vaart kaap sy 65 Unieskepe en word meer as 200 krygsgevangenes geneem sonder dat hulle enigsins leed aangedoen is. Hulle is trouens goed behandel en veilig in neutrale hawens of aan neutrale skepe besorg.

Op 11 Junie 1984 kom sy by die Franse hawestad Cherbourg aan en toestemming word gegee dat sy in die droogdok herstel kan word. Die Noordelike vloot hoor egter hiervan en die *USS Kearsage* bereik Cherbourg omtrent dieselfde tyd.
Sy blokkeer die ingang na die hawe terwyl daar op versterkings gewag word. Kaptein Semmes, wat toe in beheer van die *CSS Alabama* was, stuur 'n uitdagende boodskap deur middel van diplomatieke kanale aan die *USS Kearsage*. Op 19 Junie 1864 vind die geveg plaas en omdat die *Kearsage* se vuur meer akkuraat was, was dit eensydig, veral omdat die *Alabama* sonder die nodige herstelwerk moes klaarkom. Binne 'n uur het die *Alabama* begin sink; met 21 bemanningslede dood en 20 gewond.

Die liedjie het ontstaan terwyl die *CSS Alabama* in Kaapstad aangedoen het om nuwe voorrade aan te koop, maar ook sodat gebuite skepe verkoop kon word, en daar word in die liedjie na die *Alibama* verwys.

Uit Poppie se Kombuis

Tannie Poppie deel met ons 'n paar resepte vir

heerlike padkos!



nou landswyd beskikbaar

Altyd 'n wenner!

Taai hoendervlerkies

Genoeg vir 16

BESTANDDELE

50 ml braaisous
25 ml blatjang
25 ml tamatiesous
10 ml sojasous
10 ml heuning
16 hoendervlerkies

METODE

Meng die braaisous, blatjang, tamatiesous, sojasous en heuning saam in 'n mengbak.
Plaas hoendervlerkies in 'n oondbraaibak.
Gooi sous oor die vlerkies en meng dit goed deur.
Laat staan vir 1 uur.
Verhit die oond tot 180°C.
Plaas die vlerkies in die oond en oondbraai sowat 1 uur tot gaar en goudbruin.

Skotse eiers

BESTANDDELE

1 ui, fyngekap
Sonneblomolie om in te braai
700 g maer beesmaalvleis
5 ml droë gemengde kruie
2 ml knoffelpoeier
2 eiers, geklits
Sout en peper na smaak
190 ml vars broodkrummels
6 eiers, hardgekook
1 pak (250 g) spekvleisrepe

METODE

Voorverhit die oond tot 180°C.
Soteer die ui in 'n bietjie olie tot deurskynend.
Meng met die res van die bestanddele, behalwe die hardgekookte eiers en spek.
Voeg 'n klein broodpan met die spekvleisrepe uit.
Druk die helfte van die vleismengsel in die pan.
Pak die eiers in 'n ry bo-op.
Druk die res van die vleismengsel op die eiers.
Vou die spekvleisrepe toe en bak 25 minute lank.

CJ Langenhoven

Dié groot Afrikaanse skrywer is op 12 Augustus 1873 te Hoeko in die distrik van Ladismith (Kaap) gebore. Hy word grootgemaak deur sy pa se broer en sy vrou en word op jong ouderdom reeds geboei deur die natuurskoon, sowel as deur die eg Afrikaanse gees van sy ouerhuis en die gesinne in die omgewing.

Hy studeer Regte en vestig hom later jare op Oudtshoorn, waar hy as prokureur werksaam is. Hy begewe hom ook in die politiek en word lid van die provinsiale raad, parlementslid en senator. Aanvanklik skryf hy in Engels, maar begin mettertyd 'n stryd om die erkenning van Afrikaans te voer.

Langenhoven, die woordkunstenaar, durf 'n ryke verskeidenheid temas en genres aan, sodanig dat hy in die Afrikaanse letterkunde met reg 'n baanbreker genoem kan word. Hy gaan selfs taalskeppend te werk, soos blyk uit verskeie woorde wat hy aan die Afrikaanse taal geskenk het. Hy het 'n geweldige werkywer gehad en kon binne 'n paar dae werke van groot omvang laat verskyn.

Een van die verdienstes van Langenhoven, waardeur hy 'n figuur van kultuurhistoriese betekenis geword het, lê daarin dat hy die Afrikaners wyd leer lees het. Hy is op 15 Julie 1932 oorlede. Sy omvangryke letterkundige nalatenskap word ná sy dood byeengebring in sestien lywige boekdele van ongeveer 400 bladsye elk, onder die titel *Versamelde werke van CJ Langenhoven*.



ERIC BARNARD MEUBELS

Die familiebesigheid wat omgee!

SEALY EN LA-Z-BOY Spesialiste!

LA-Z-BOY

Moreleta Square Centre
Adres: Hoek van Garsfontein & Rubenstein Straat, Moreleta Park, Pretoria, 0044, Gauteng, Suid Afrika
Tel: 012 993 4048, 012 993 2048
Faks: 012 993 5398

Waverley Warehouse Outlet
Adres: Hoek van Hertzog & Codonia Straat, Waverley, Pretoria, 0186, Gauteng, Suid Afrika
Tel: 012 333 9899, 012 332 0173, 012 332 0098
Faks: 012 332 1773

www.ericbarnard.co.za
e-pos: info@ericbarnard.co.za

Eerste georganiseerde jukskeiwedstryd in Suid-Afrika

Die eerste georganiseerde jukskeiwedstryd is op 4 November 1939 tussen die Klein Drakenstein en die KWV-spanne beslis.

Op 25 November 1939 sou die eerste bekerwedstryd tussen agt laers gespeel word. Van hierdie beskeie begin af het die spel gegroei tot die amptelike stigting van die SA Jukskeiraad op 25 Oktober 1940 in die Koffiehuis, Bloemfontein, waar die grondwet en die spelreëls aanvaar is. Die eerste nie-amptelike provinsiale kragmeting is op 2 Maart 1940 in Port Elizabeth gehou tussen die Oos-Kaaplandse Amateur-Boeresportbond en die Vrystaat. Van die stigting van die eerste bond, die Vrystaat op 9 Desember 1939, het die spel so dramaties ingeslaan dat daar in 1979 22 bonde was afgesien van die Rhodesiese Jukskeiraad en die Jukskei Association of the USA.

Die oorspronklike pen was die skei in die juk van die hotvooros wat 'n langer kop en lengte gehad het as al die ander skeie van die res van 'n span osse. Deesdae is die pen rond, staan 50 mm onder die sand en 460 mm bokant die oppervlak daarvan. Die skei se evolusie het van die ou bottelskei, die was-skei, die driekantige en dubbelskei en die koekroller ontwikkel tot die ronde komposisie- (rubber)-skei en 'n houthandvatsel met 'n maksimum- en minumumlengte van 460 en 300 mm.

Dit is 'n sosiale en 'n gesinspel. Sy grootste bydrae is sy verryking van ons taal. Uitdrukkings soos “die wa is in die drif”, “klim in die boom” (sodat almal jou kan sien as gevolg van 'n besondere prestasie); en die behoud van begrippe soos “skof”, “trek”, “juk”, “skei”, “touleier” en “briekaandraai” het deur jukskei in die volksmond behoue gebly.



Koining George VI van Brittanje speel jukskei op sy besoek aan Suid-Afrika in 1947.

Hoogtepunte op jou kultuur-kalender

16 November
Ses Snare
@ Tarentaal Teater

30 November - 3 Desember
Afrikaans is Groot Pretoria
@ Time Square, Menlyn Maine

2 Desember
Aspoestertjie
@ Namib Primêre Skool, Swakopmund

9 Desember
Coenie de Villiers
@ Oude Libertas Amfiteater, Stellenbosch

15-16 Desember
Karoo Suite met Coenie de Villiers en Deon Meyer
@ Hoërskool Durbanville Ouditorium, Kaapstad

KLIK HIER
om die volledige kultuurkalender te sien

Kwelling oor spelling? Grammatikagruwel? Taaltoffie?

Gratis hulp ... Klik en kry dit!

Vind antwoorde in meer as 40 woordeboeke. (Toegang tot HAT Aanlyn, WAT Aanlyn en ander kommersiële woordeboeke in dieselfde portaal beskikbaar teen 'n jaarlikse intekenfooi.)

Woordeboekportaal

Adviesportaal:
Steek kers op by VivA se voltydse taaladviseur.

Adviesportaal

Bly ingelig oor taalsake, die AWS, en meer.

Podsendings, video's en blogs

Kom word **woordslim** in Afrikaans:

- facebook.com/viva-afrikaans
- @viva_afrikaans
- viva-afrikaans.org

Ook beskikbaar via
ons slimfoontoepassings,
VivA-app en VivA-app (Aanlyn).

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS